



Bewuste Sedasie



Wat U nodig het om te weet

U dokter sal u prosedure inder Bewuste Sedasie uitvoer. Dit is n wanneer u medisyne gegee word wat u lomerig maak, enige angstigheid verminder en enige pyn wat u andersins mag ondervind tydens die prosedure, verlig. U sal steeds wakker wees (maar lomerig) en in beheer, en sal ook in staat wees om met u dokter te praat. n Voordeel san sommige van die medisyne is dat u nie in staat sal wees om die prosedure te onthou nie. U sal egter alles kan onthou voordat die medikasie aan u gegee is en nadat dit uitgewerk het. Om bewuste sedasie te veroorsaak, sal u gewoonlik een of meer medisyne gegee word, gewoonlik deur inspuiting, maar somtyds op ander maniere. U sal noukerig deur n verpleegster gemonitor word, deur verskeie instrumente te gebruik tydens die hele prosedure.

Voor die prosedure

Maak seker dat u verstaan en volg noukerig enige instruksies wat deur u doktor aan u gegee is.

In die algemeen:

- Geen vaste voedsel 6uur voor die prosedure nie.
- Volwassenes kan vleioistowwe tot 4 uur voor die prosedure inneem.
- Kinders: Ouers moet hulle doktor se advies volg.
- Iemand anders moet u na die kliniek/hospitaal toe bring.
- Voordat u die prosedure ondergaan, onthou om u doktor in telig aangaande enige ander medisyne wat u tans neem, enige allergieë of ander mediese toestande wat u mag hê.
- Vra hom uit aangaande enige spesiale instruksies.

Tydens die prosedure

- U sal waarskynlik n klein inspuitnaals in u arm kry wat dan vasgeheg word.

- U sal heel waarskynlik tydens die prosedure deur sekere insrtumente gemonitor word: 'n polsmonitor knip aan een van u vingers, 'n bloeddrukband op u arm en meskien 'n paar klein pleisters op u borskas om u hartklop te monitor.
- U mag n klein suurstofmasker, of n buis naby u neus vir suurstof hê.

Na die prosedure

- Sodra u dokter tevrede is met u herstelling, sal u toegelaat word o huistoe te gaan.
- 'n Verantwoordelike volwassene moet u huistoe neem.
- U mag nie bestuur of enige masjinerie vir 24 uur na die prosedure hanteer nie.
- U behoort nie enige wetlike dokumente vir 24 uur na die prosedure te onderteken nie.
- Moenie alkohol drink 24 uur na die prosedure nie.
- Kontak u dokter onmiddellik indien u enige probleme obdervind soos pyn in die nek, borskas of maag.

U mag enige vloeistof drink (behalwe as alkohol), en eet n heluur na die prosedure. Indien u enige vrae het, vra asseblief u dokter.

Source: Conscious Sedation Working Group



Roche Products (Pty) Ltd.,

MASA. Conscious

P.O. Box 129, Isando, 1600. Tel: (011) 974-5335 or

Sedation Clinical Guidelines SAMJ April

REAL (Roche Ethical Assistance Lin)

1997;87(4)484-492

tollfree: 0800 21 21 25